

DEXTER

27 Januarie 2006

Kontakdexter@mailbox.co.za

Jou Eie Koerant

“DIE GROOT LIEG”



“Rektor, jy't my geld, waar is my Afrikaans” ‘n Groep studente het by die onlangse verwelkoming van eerstejaars gewys dat dit nie so goed met Afrikaans gaan as wat die bestuur probeer voorgee nie. Die skare het spontaan begin juig toe die banier opgelig is.

Jan van Zyl

“Dit is 'n totale leuen. Dink die UP Topbestuur regtig hulle kan ons flous?” Dit kom nadat die rektor, prof. Callie Pistorius, aan eerstejaar studente gesê het dat die bestuur daarin poog om Afrikaans as taal te ondersteun en uit te bou. Volgens prof. Pistorius is Tukkie die grootste Afrikaanse universiteit in die land, en is onderrig in Afrikaans ook 'n belangrike prioriteit vir die bestuur.

Studente was oor die algemeen verbaas om hierdie uitlatings van die rektor aan te hoor. Volgens een student kan die houding van die UP Topbestuur as “Die groot lieg” beskryf word. “Dit is mos algemeen bekend dat die bestuur van hierdie universiteit besig is om Afrikaans doelbewus te versmoor.” Ander studente het die UP bestuur se halwe waarhede rondom Afrikaans as bemarkingspraatjies afgemaak.

Tukkie was veral die afgelope jaar pal in die nuus nadat die universiteit met 'n program begin het om Afrikaans stelselmatig uit te forseer. Die proses om vakke slegs in Engels aan te bied, het daarop uitgeloop dat studente in hul duisende begin protes aanteken het. Dit was veral in die Fakulteit Ingenieurswese dat Afrikaans op groot skaal uitgeforseer is. Meer as 'n duisend Tukkie studente het dan ook laas jaar aan 'n optog gereël deur Solidariteit deelgeneem om hul ondersteuning aan Afrikaans toe te sê.

Volgens Barend Uys, die onder-voorsitter van die Vryheids Front + op Tuks, is die bestuur beslis nie so positief oor Afrikaans as wat hul probeer voorgee nie. Behalwe

dat Afrikaans uitgeforseer en met Engels vervang word, word Afrikaans sprekendes oor die algemeen ook op baie terreine benadeel. “Die VF+ vra dat die universiteit se bestuur eerlikheid, billikheid en regverdigheid voorop sal stel, en nie heeltyd agter 'n ANC ideologie aanfoeter nie.”

Verskeie ander organisasies het ook hul ongelukkigheid met die bestuur se houding jeens Afrikaans uitgespreek. Ernst Roets van Solidariteit op Tuks het beklemtoon dat Afrikaans as een van die mees moderne tale ter wêreld nie sonder meer net vernietig kan word nie. Barend Uys van Die Verenigde Afrikaners op Tuks, Die Vat, stel dit duidelik dat studente nie sal toelaat dat die bestuur met hul vernietigingsproses voortgaan nie.

Intussen het 'n groep studente 'n reuse banier voor die rektor tydens sy toespraak aan eerstejaars opgerig, waarin gevra word: “Rektor, jy't my geld, waar is my Afrikaans?” Die skare van meer as vyf duisend het spontaan begin hande klap toe die banier opgelig is. Daar is onder nuwe studente ouers 'n bekommernis dat die bestuur se woorde en daede nie ooreenstem nie, en dat hul Afrikaanse kinders benadeel gaan word. Die banier, in teenstelling met die rektor se toespraak, het duidelik gewys dat studente op Tuks dit eens is dat die UP bestuur in werklikheid nie Afrikaans wil bevorder nie, maar eerder besig is om dit af te breek. Studenteleiers het aangedui dat studente hierdie jaar steeds sal voortgaan om vir Afrikaans se voortbestaan te stry. “2006 sal die jaar van Afrikaans wees!”

Gratis voggies vir ‘n hele aand lank!

Cantus eerskomende Donderdag, 2 Februarie in die Kloostersaal anneks om 18:30

Hierdie bekende en eeue-oue Dietse tradisie is al 'n bekende hier op Tuks. Studente kom byeen, en rondom 'n beker voggies (bier of koel drank) sing hulle Afrikaanse volksliedjies, asook liedere van ander lande. Dit is die unieke geleentheid om nuwe mense te ontmoet, en meer van jou eie te leer. 'n Moet vir die wat vol lewenslus is.

Die Cantus begin om 18:30. Bring 'n hoed, das, baadjie en bierbeker. Toegang teen R10 per persoon. Kontak Ebert by 082 468 4919

Die Dexter word uitgegee deur die Jakaranda Groep. Kontak ons met nuus of as jy wil adverteer by kontakdexter@mailbox.co.za.

Redaksioneel

En so het 2006 dan ook aangebreek. Baie studente het ons verlaat, maar dan het daar ook verskeie nuwe studente by ons aangesluit. Ja, ons hier op Tuks moet ook maar erken dat die tyd nooit stilstaan nie. Dis dan ook vir elkeen van ons belangrik om werklik by die studentelewe betrokke te raak. Voor jy weer gaan kyk, is jou tyd hier op Tuks verby.

Baie nuwe studente sal vra: "Wat is die Dexter?" Wel jy het nou in jou hande die enigste koerant wat onverskrokke vir jou die waarheid bring. Hier lees jy die storie agter die storie. Waar 'n ander koerant onder die UP Topbestuur se beheer is, word baie waarhede net stil gehou. Hier in die Dexter lees jy wat werklik binne ons

universiteit aangaan, nie net dit wat die bestuur aan jou voorhou nie. Ons glo vas dat net die ingeligte student werklik 'n ingeligte keuse kan maak. Skryf aan ons en deel ook jou gedagtes met ons mee.

Die Dexter is ook besig om veral onder alumni lede te groei, en kry ons dan ook wonderlike ondersteuning uit daardie oord. Dis duidelik oud-studente is bekommerd oor die geloofwaardigheid van hul UP graad.

Aan hierdie jaar se Dexter span, dankie vir jul opofferinge en tyd. Dis goed om te sien daar is nog so baie studente is wat graag die waarheid wil laat seëvier.

Jan van Zyl (Redakteur)

NAMY MENING...

Die "nuwe" SA is toe al die tyd nie 'n wonderwerk nie.

"The election of 1994 was a miracle." Hierdie woorde het in 'n brief van Natalie Jaynes aan die Perdeby verskyn. In hierdie brief skryf sy van die "wonderwerk" wat Suid-Afrika in 1994 getref het. Ek is 'n gewone student, sonder enige noemenswaardige betrokkenheid by enige organisasies. Maar ek weet wel dat die Afrikaner vandag deur 'n leuen regeer word, en dat mense eintlik in 'n waas van hierdie leuen vasgevang is. Ek kan dan ook nie stilbly as iemand met hierdie leuen rondloop en Afrikaners as belaglik afmaak nie.

Ek onthou ook 1994, die "wonderwerk" wat Suid-Afrika vir altyd sou verander. My ouers het op daardie stadium geboer, en 34 gesinne onderhou. My pa het groot bedrae geld aan minder bevoorregtes geskenk, en het selfs 'n skool vir die Tswanas op ons plaas opgerig. My ouers het 'n groot bydrae tot die plaaslike ekonomie gemaak. Hulle het waarlik van SA vir almal 'n beter plek gemaak.

Toe kom daar die nag wat hulle deur 16 swart mans voor ons huis vermoor, en my ma verkrag is. Ek onthou nog hoe die bloed van my hande afgedrup het soos ek my ma se oopgesnyde keel probeer toedruk het. Net soos Natalie haar brief met die woord "Viva" afsluit, onthou ek nog hoe die moordenaars gelag en die woord "Viva" geskree het voor hulle weggeloo het.

Al wat ek van die begrafnis kon onthou is die koerant artikel waarin 'n plaaslike ANC leier sê dit was hul verdiende loon, en dat al die blankes uitgemeor sal word tot daar nie meer een in SA oor is nie. Geskok het ek na die ANC regering gekyk, en gesien hoe hul net toekyk terwyl reg rondom my onskuldige mense voor die voet uitgemeor word.

My broer het verder probeer boer, maar toe kom die regering se tientalle belastings, en later die grond hervorming. Jy kon letterlik

sien hoe die ANC alles probeer doen om te verseker dat geen blanke Afrikaner op enige plaas oorbly nie. Van ons plaas met sy gelukkige 34 arbeiders gesinne, groen lande en troppe beeste is daar vandag net 'n leë dop met 15 honger plakkers.

Ek is ontugter, en van die "wonderwerk" in 1994, is daar vir my net 'n graf, 'n leë dop oor. Die ANC het my ouers, hul plaas en hul drome net eenvoudig met 'n glimlag uitgewis. In SA verarm daar 700 blanke gesinne per maand tot onder die broodlyn. In SA mag ek nie werk nie, want ek is wit. In SA word my taal en kultuur vertrap. In SA mag jy net sê wat die ANC wil hê jy moet sê. Wat beteken 'n Grondwet as die regering hulle daaraan afvee?

Ek kan dus verstaan dat al hoe meer jong Afrikaners deur hierdie skyn, hierdie leuen van die ANC kyk. Hulle kan sien waarheen SA op pad is, en wil nie saam in die afgrond aftuimel nie.

Ek was ook blind. Ek wou ook glo dat ons nou in 'n wonderlike land bly. Maar die skyn en leuen van die ANC is deur die bloed van my ouers uit my oë gewas. Ek kan nie verstaan hoe mense nog enigszins hulself met hierdie diskriminerende regering kan assosieer nie. Ek kan nie verstaan hoekom ons geliefde universiteit se bestuur halsoorkop agter hierdie korrupte regering aanhardloop nie. Enige persoon wat mooi gaan nadink oor wat in hierdie land aangaan, sal besef alles is net een groot leuen. Ek is jammer Natalie, maar jou wonderwerk van 'n Nuwe SA is 'n droom wat net op papier bestaan. In die werklikheid is dit een groot stinkende, korrupte stelsel wat elke dag Afrikaners haat en vertrap. Red jouself, maak oop jou oë en red wat nog te redde is. Ongelukkig was dit vir my ouers reeds te laat.

Johan Theron

Johan studeer aan UP, en het in hierdie brief gereageer op 'n vorige brief in Die Perdeby.

Briewe

Dankie aan Dexter

Ek wil net aan Dexter baie dankie sê dat daar darem een koerant op kampus is waar ek altyd die volle waarheid kan lees. Ek is so moeg daarvoor om elke keer 'n koerant oop te slaan en net dit te lees wat hulle graag wil hê ek moet weet. Dexter het van die begin af by sy woord gehou om onverskrokke te wees en "enige ongeruimdhede aan die kaak te stel". Dit is vir my altyd lekker om dit wat ek in die Dexter lees met ander koerante te vergelyk. Elke keer is ek verbaas om te sien dat ander koerante op kampus net botweg weier om die belangrikste stories te dra! Dankie dat jul nie bang is om op te staan en jul sê te sê nie!

Quentin Campbell

Studentelewe is meer as akademie

Hallo Dexter. Ek is vanjaar 'n tweedejaarstudent. Ek wil graag elke eerstejaar aanmoedig om meer van sy studentelewe te maak as om 24 uur 'n dag te studeer. Ek weet akademie is belangrik en alles, maar ek glo vas in die gesegde wat sê: "'n aktiewe studentelewe is belangriker as 'n tweede graad". Kuier hard, werk hard, raak betrokke by watookal jy van hou, en ja... studeer ook darem so bietjie!

Chantelle van Heerden

Staan vas manne!

Dit is vir elkeen van ons oud-studente wat die Dexter ontvang 'n trots om te sien hoe daar nog studente is wat nie net blind agter die ANC aanhardloop nie. Staam vas in jul geloof, en moet nooit ophou stry nie. Enige verantwoordelike persoon sal een of ander tyd geen ander keuse oorhou as om vir sy eie toekoms, of vir die vernietiging daarvan te kies nie. Die pad van die UP bestuur, die ANC en andere loop op selfvernietiging uit. Staam by jul Afrikaner waardes, en moet nooit toelaat dat beginsellose mense jul intimideer nie.

Vir elke oud-student is dit elke dag 'n bekommernis om te sien hoe die geloofwaardigheid van ons grade afgebreek word. Staam vas, en veg vir hoë standaarde. 'n Goeie graad is belangrik. Deur Afrikaans af te breek, en diskriminasie teen Afrikaners toe te laat, maak die UP bestuur meer skade as goed.

Willem Stoltz

*Skryf vir die Dexter by
kontakdexter@mailbox.co.za*

WYS JOU STAAL OP MAJUBA



Drie manne van Die Fort bo-op Majuba. In die agtergrond is die graf van Engelse offisiere wat in die slag gesneeu het. Verskeie koshuise, waaronder Huis Voortrekker en Die Fort, ruk elke jaar as koshuis op na die fees ter herdenking van die Slag van Majuba. Daar is groot studentepret met ook 'n Cantus.

Hardus Roux

Daar is vanjaar weer 'n groot Tukkie opmars na Majuba. Hierdie bekende fees ter herdenking van die slag tussen die Boere en Groot Brittanje in 1881, word elke jaar deur honderde studente op die berg Majuba gevier. Die saamtrek sal hierdie jaar weer op die laaste naweek van Februarie, die 24 tot 26ste plaasvind. Dit het ontwikkel as een van die grootste Afrikaanse studente saamtreke in die land, met studente van Potch en Bloemfontein wat ook die fees meemaak.

Met 'n feesprogram wat bergklim en 'n Cantus insluit, is daar iets vir elkeen. Jy kan in die herberg op die terrein oorslaap, of sommer jou eie tente opslaan. In die

aande braai groot groepe saam, en is daar verder ook verskeie kosstalletjies beskikbaar. Die feesterrein is net buite Volksrust geleë, so ongeveer twee en 'n half uur se ry van Pretoria.

Die hoogtepunt vir enige student is dan ook die Cantus wat die Saterdagmiddag plaasvind, met honderde studente van talle universiteite wat hierdie Dietse sangfees bywoon. Met bier en gesellige Afrikaanse sang en geselskap, is die Cantus altyd 'n groot sukses.

Voel vry om vir Ebert Myburgh van die Jakaranda Cantus Gilde by 082 468 4919 te skakel as jy enige vra het. As jy hierdie naweek mis, mis jy die grootste Afrikaanse studente saamtrek ooit!

'n Voorslag vir Afrikaans

Corneli de Villiers

Nou het Afrikaans tande! Die Trust vir Afrikaanse Beheerliggame Onderwys en Kultuur (TABOK) is tans besig om ernstige ondersoek in te stel oor die afskaling van Afrikaans as voertaal aan voormalige Afrikaanse universiteite. Die samewerking van alle studente word benodig as 'n dringende projek om soveel vaste gegewens moontlik in te samel oor die benadeling van Afrikaans en Afrikaners aan bogenoemde inrigtings. Inligting rakende die aanstelling van enkeltalige nie-Afrikaanssprekende

dosente en kursusse wat uitsluitlik in Engels aangebied word kan as voorbeelde in hierdie verband dien. Na aanleiding van hierdie inligting sal daar met die universiteitsowerhede gesprekke gevoer word met die oog op onmiddellike regstelling. Enige inligting rakende die benadeling van Afrikaanssprekendes moet so spoedig moontlik aan TABOK gerapporteer word. Kontak TABOK met enige inligting in hierdie verband. Tilla Theron: telefoon (012) 644 2234/5; e-pos admin@tabok.co.za; Prof. R. D. Coertze: sel 082 458 9032; e-pos roelof@endecon.co.za

Waar kan ek betrokke raak?

Kobus Bezuidenhout

Daar is 'n groot verskeidenheid verenigings op UP waar studente betrokke kan raak. Vir Afrikaanse studente is daar dan ook verskeie plekke waar hy tuis sal voel. Hier volg 'n kort gids om Afrikaanse studente aan 'n paar verenigings bekend te stel:

Die Vat

Verenigde Afrikaners op Tuks
Oorkoepelende vereniging wat die Afrikaner se belange op die hart dra
Hanteer probleme wat Afrikanerstudente ervaar
Kulturele byeenkomste soos gedigaande
Skakel Barend: 083 2828 922

Jakaranda Cantus Gilde

Sing Afrikaanse volksliedjies
Uitleef van Afrikanertradisies
Beste manier om van akademiese druk ontslae te raak

Jaarlikse toer om die slag van Majuba te herdenk (sterk aanbeveel)

Gratis bier by elke byeenkoms

Skakel Ebert: 082 468 4919

Solidariteit Jeug UP

Beskerming van studenteregte

Leierskap- en vaardigheidsopleiding

Skakel Salomé: 082 265 7701

TAS

Tuks Afrikaanse Studente

Bevorder Afrikaans op UP

Skakel Sakkie: 082 925 0829

Een van die beste dinge wat jy in jou studentedae kan doen is om meer mense te leer ken en groter uitdagings aan te vat. Hierdie verenigings bied alles en nog meer. Kyk ook gerus in die VSR studiegids, of vind uit by Tukkievier van al die ander verenigings op kampus. Dink net, jou jare op Tuks kan soveel anders wees...

VF+ loop bo-oor ander partye

Die Vryheidsfront + het 2005 se studente verkiesing gemaklik met 'n volstreekte meerderheid gewen. Dit beteken dat meer as die helfte van die studente op Tuks hul agter die VF+ se Afrikaner waardes skaar. Dit was duidelik dat die meerderheid studente wel nog Afrikaans op Tuks wil behou.

UP ERKEN NIE STUDENTEREGTE NIE

Bertus Kruger

“Die Universiteit van Pretoria sal studente se reg op vryheid van spraak slegs erken as dit binne die universiteitsregulasies val”. Hierdie woorde van viserektor, prof. Chris de Beer, is volgens Barend Uys, sekretaris-generaal van die VSR en ondervoorsitter van VF+TAS, 'n duidelike bewys dat die Tuks Topbestuur besig is om studente se Grondwetlike regte te beperk. Volgens die Grondwet van Suid-Afrika (wet 108 van 1996), het elkeen die reg op vryheid van spraak en oortuiging, mits dit nie neerkom op propaganda vir oorlog, aanmoediging tot geweld, of haatspraak op grond van ras, geslag ens. Nie.

Hierdie kwessie het die naweek weer ter sprake gekom toe prof. De Beer uitdruklik aan sekuriteit opdrag gegee het om die Jakaranda Cantusgilde te verbied om hul toer na Majuba op die graffitimuur te bemark. Die Cantusgilde verf elke jaar 'n Vierkleur met 'n slagspreuk en kontaknommers vir studente wat belangstel om saam te toer. Na bewering is UP te skaam om die Afrikaneridentiteit op Tuks by verwelkomingsdag te erken en sal hul enige iets doen om Afrikanersimbole op hierdie dag te versteek sodat eerstejaars se ouers dit nie mag sien nie, selfs al moet dit op die skending van Grondwetlike regte neerkom.

Voorsitter van die Cantusgilde, Ebert

Myburgh, sê dat daar nou al vir jare teen hul gediskrimineer word omdat hul 'n Afrikaner-kultuurvereniging is. Hy meld hierby dat dié opdrag van Topbestuur aan sekuriteit nie net 'n inbraak op studente se Grondwetlike regte is nie, maar dat Prof. de Beer besig is om die ooreenkoms wat hy verlede jaar met die VSR aangegaan het te verbreek. Laas jaar se VSR President, Cornelius Jansen van Rensburg, het dit onder Dexter se aandag gebring dat Topbestuur verlede jaar met die VSR 'n ooreenkoms aangegaan het om nie in te meng wanneer studente die muur wil verf nie. Dit is die rede waarom 'n kennisgewing opgesit is wat sê: “Hierdie muur is uitsluitlik vir gebruik deur studente en weerspieël nie noodwendig die siening van die Universiteit nie.” Prof. De Beer ontken hierdie ooreenkoms en beweer dat Topbestuur op sekere dae studente mag verbied om die muur te verf. Hy kon sy weergawe van die ooreenkoms egter nie op skrif bewys nie.

Die voorsitter van die Aksiegroep vir Vryheid van Spraak, mnr Sarel Roets, meld dat hul nou al vir jare klagtes ontvang van studente op UP. “Die probleem is dat studente geen vryheid van spraak gegun word nie. Hulle mag net dink wat die UP bestuur van hulle verwag om te dink.” Verskeie organisasies oorweeg nou regstappe om die UP Topbestuur se diskriminasie stop te sit.

Joop se stories...

Ons James Bond sekuriteit

Ek verlang so nou en dan na jare soos my eerstejaar. Om myself te troos besluit ek toe om die eerstejaars verwelkoming die afgelope Maandag by te woon. Ek het ook toe my plek in die amfi ingeneem om na oom Callie ons rektor te luister. Die toespraak was nogal lank, en daar was nie veel opwinding nie. Party ouers het aan die slaap begin raak. Ek wou net opstaan en loop toe ek 'n arme verwarde eerstejaar sien rondwaal, met 'n stuk of dertig Coin en ander sekuriteitswagte wat hom op CIA styl agtervolg. Sien, die jong man se koshuis het besluit om 'n vierkleur op sy eerstejaarsdrag te plaas. Toe ons wakker rakkers van Coin dit raaksien, ontplof daar paranoia onder kampus sekuriteit uit. “Genugtig, hier's 'n ou met 'n vierkleur. Mama help my!”

Al wat die eerstejaartjie graag wou doen was om na oom Callie te luister, maar toe hy weer sien bevind hy homself binne die wêreld van James Bond, maar op Coin styl. Orals waar hy gaan volg 'n peleton kampus sekuriteit hom (kompleet toegerus met radio's, protters, pepersprei en videokamera's). Elke keer as hy omkyk, kyk hulle af grond toe. Op 'n stadium het die boertjie sy pyptwak in 'n asblik uitgestamp, en in 'n kwessie van twee sekondes was daar vyf manne met radio's, besig om die asblik te deursoek. Later is 'n groep “undercover” agente ingestuur om nou blykbaar soos ouers te lyk. Dit was so ooglopend en pateties, dat die ouers geamuseerd toegekyk het hoe 'n groterige oompie in swart soos Mr. Bean al rondom die knapie bokspring. Een ouer langs my het hardop gewonder wanneer 'n klomp gekamoefleerde soldate met AK's van die dak gaan afspring en orals traangas gooi. Ek het regtig die eerstejaartjie jammer gekry. Toe hy met 'n vriend gesels, toe volg 'n stuk of 10 Coin “agente” die vriend. Toe die vriend weer met 'n ander vriende praat, toe volg nog 'n klomp agente die ander vriende. Die gevolg was orals op kampus storm 'n bondel radio swaaiende mans agter elke tweede eerstejaartjie aan. Van die eerstejaar met die vierkleur het daar ook nie veel oorgebly nie. Benoud en verward het hy by die hek uitgehardloop ek weet nie waarheen toe nie. Miskien kan ons kampus sekuriteit vra, daar was so 15 “agente” wat agterna gestorm het. Nee wat, ons hoef ons nie oor studente getalle te bekommer nie. Ons paranoïese sekuriteit sal van die meeste ontslae raak.

Jankejan

Hierdie is die skrywer se eie mening, en is nie noodwendig die standpunt van Dexter nie.



Twee meisies in feetjie drag vermaak eerstejaars by die onlangse verwelkoming van nuwe studente. Studentegetalle het hierdie jaar weereens gegroei, en Tuks behoort weer veral die eerste paar maande maar besig te wees.

AVKB die plek vir avontuur

As avontuur die ding vir jou is, behoort jy 'n draai by die AVKB te maak. Hierdie

organisasie vir jong mense reël gereeld veldkampe vir oorlewing, jeug dinamika ens. waar jy soveel meer van die lewe rondom jou kan leer. Kontak gerus vir Ernst Roets by 082 264 0953 as jy enige navrae het. Die avontuur wag!